

Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit

Verordening op Standaard Elektrisiteitvoorsiening

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1: ALGEMEEN

1. Woordomskrywings
2. Ander terme
3. Opskrifte en titels

## HOOFSTUK 2: ALGEMENE VOORWAARDES VIR TOEVOER

4. Toevoer volgens ooreenkoms
5. Kennisgewing
6. Voldoening aan kennisgewings
7. Aansoek om toevoer
8. Verwerking van aansoeke om toevoer
9. Arbitrasie
10. Gebruiksreg en serwitute
11. Reg van toegang tot eiendom
12. Weier of nalaat om inligting te verskaf
13. Weier om te erken
14. Ongeoorloofde gebruik
15. Elektrisiteitstariewe en -fooie
16. Algemene heffings
17. Deposito's
18. Betaling van heffings
19. Rente op agterstallige rekeninge
20. Herverkoop van elektrisiteit
21. Reg om elektrisiteit af te sluit
22. Nie-aanspreeklikheid van die diensowerheid en die Munisipaliteit
23. Vermorste of verlore elektrisiteit
24. Nalaat om te verskaf
25. Seëls en slotte van die Munisipaliteit
26. Peuter met diensaansluitingspunt of hooftoevoerlyn
27. Beskerming van die elektrisiteitsverspreidingsnetwerk
28. Voorkoming van peuter met diensaansluitingspunt of hooftoevoerlyn
29. Ongemagtigde aansluitings
30. Ongemagtigde heraansluitings
31. Afsluiting (tydelik en permanent) en heraansluiting
32. Beplande instandhouding en afsluiting van toevoer
33. Tydelike voorsiening
34. Tydelike werk
35. Ladingvermindering

36. Mediumspanning- en laespanningskakeltuig en -uitrusting
37. Akkommodasie van transformatorsubstasie
38. Spesifikasie van toevoerderdiagram
39. Voorsieningsreserwe
40. Toerusting vir noodvoorsieningsreserwe vir verbruikers
41. Installeringsomsendbriewe

### HOOFSTUK 3: VERANTWOORDELIKHEDE VAN VERBRUIKERS

42. Verbruiker moet elektriese installasie oprig en in stand hou
43. Fout in elektriese installasie
44. Beëindiging van gebruik van toevoer
45. Verandering van verbruiker
46. Diensapparaat

### HOOFSTUK 4: SPESIFIEKE VOORSIENINGSVOORWAARDES

47. Diensaansluiting
48. Akkommodasie van meter

### HOOFSTUK 5: TOEVOERSTELSELS

49. Gehalte van toevoer
50. Ladingbeperking
51. Inmenging met ander verbruikers
52. Toevoer na motore
53. Kragfaktor
54. Beskerming

### HOOFSTUK 6: METING VAN ELEKTRISITEIT

55. Meterlesing
56. Akkuraatheid van meterlesing
57. Lees van konvensionele meters
58. Voorafbetaalmeters
59. Berekening van geskatte rekening

### HOOFSTUK 7: ELEKTRIESE KONTRAKTEURS

60. Vereistes bykomend tot die vereistes van die regulasies

### HOOFSTUK 8: REGSASPEKTE

61. Domicilium
62. Boetes
63. Toepaslikheid

# Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit

## Verordening op Standaard Elektrisiteitvoorsiening (konsep)

### HOOFSTUK 1

#### ALGEMEEN

#### 1. Woordomsrywings

In hierdie Verordening, tensy die sinsverband anders aandui, beteken –

**"behoorlik gemagtigde beampte"** 'n beampte van die Munisipaliteit wat skriftelik deur die Munisipale Bestuurder van die Munisipaliteit gemagtig is of sy of haar afgevaardigde en wat te alle redelike tye wanneer hy of sy amptelike take verrig 'n identifikasiekaart op sy of haar persoon dra wat deur die Munisipaliteit uitgereik is, welke kaart sy of haar benoeming weerspieël;

**"besikbaarheidsheffing"**, soos voorgeskryf in die skedule vir heffings en fooie, 'n heffing van toepassing op die eienaar van 'n erf wat na die mening van die Munisipaliteit aan die Munisipaliteit se voorsieningsnetwerk gekoppel kan word maar nog nie gekoppel is nie;

**"diensbeskermingsapparaat"** enige smeltdraad of stroombreker wat geïnstalleer is met die oog op die beskerming van die Munisipaliteit se toerusting teen oorlading of foute wat by die installasie of op die interne diensaansluitingspunt plaasvind;

**"dienskonneksie"** alle kables en toerusting wat benodig word om die voorsieningshooflyne met die elektriese installasie van die verbruiker by sy voorsieningspunt te verbind;

**"diensowerheid"** die munisipale owerheid wat die voorsiening van 'n elektrisiteitsdiens in die jurisdiksiegebied van die munisipaliteit reguleer;

**"eienaar"** met betrekking tot vaste eiendom die persoon wat by die kantoor van die Registrateur van Aktes as eienaar geregistreer is en sluit in –

- a) in die geval van gehuurde vaste eiendom –
  - i. die huurder in wie se naam die verhuring by die kantoor van die Registrateur van Aktes geregistreer is;
  - ii. die huurder indien die vaste eiendom vir 'n tydperk van nie minder nie as tien jaar gehuur word, hetsy die verhuring by die kantoor van die Registrateur van Aktes geregistreer of nie; of

- iii. die okkupant indien die vaste eiendom goedgunstiglik op grond van 'n serwituut of 'n reg soortgelyk aan 'n serwituut geokkupeer word;
- b) in die geval van –
  - i. 'n afgestorwe eienaar of 'n insolvente eienaar wat sy of haar boedel aan sy krediteure oorgedra het, onder kuratorskap geplaas is deur 'n hofbevel of 'n maatskappy is wat onder geregtelike bestuur geplaas is, die persoon in wie die administrasie van die eiendom gesetel is as eksekuteur, administrateur, trustee, gevolmagtigde, kurator, likwidateur of geregtelike bestuurder, wat ook al die geval mag wees; of
  - ii. die eienaar wat afwesig is uit die Republiek van Suid-Afrika or wie se adres aan die Munisipaliteit onbekend is, die persoon wat as agent of andersins die huur met betrekking tot die eiendom ontvang of daarop geregtig is; en
- c) as die Munisipaliteit nie in staat is om te bepaal wie die eienaar is nie, die persoon wat voordeel put uit die gebruik van die eiendom, welke persoon beskou word as die eienaar en wat die persoon uitsluit wat regtens die eiendom besit;

**"elektriese installasie"** 'n elektriese installasie soos in die regulasies gedefinieer;

**"elektriese kontrakteur"** 'n elektriese kontrakteur soos in die regulasies gedefinieer;

**"geakkrediteerde persoon"** iemand wat kragtens die regulasies geregistreer is as 'n toetsers van enkelfase-elektrisiteit, 'n installasie-elektrisiën of 'n meester-installasie-elektrisiën, wat die geval ook al mag wees;

**"gemagtigde maksimum aanvraag"** of **"GMA"** die toegekende (gemagtigde) maksimum aanvraag wat vir enige bepaalde erf of perseel deur die ingenieur bepaal is op grond van die grootte van die bepaalde erf en sy bepaalde gebruiksonering;

**"geregistreeerde eienaar"** die persoon in wie se naam die eiendom by die kantoor van die Registrateur van Aktes geregistreeer is;

**"goedgekeur"** skriftelik deur die ingenieur goedgekeur;

**"hoogspanning"** of **"HS"** die stel nominale spanningsvlakke wat gebruik word in die kragstelsels vir die grootmaattransmissie van elektrisiteit in die bestek 44 kV <math>U\_n = 220\text{ kV}</math>, in ooreenstemming met SANS 1019;

**"ingenieur"** die beampte in beheer van die elektrisiteitsonderneming van die Munisipaliteit of enige ander persoon behoorlik gemagtig om hierdie taak namens die ingenieur uit te voer;

**"konvensionele meter"** 'n meter met betrekking waartoe 'n rekening uitgereik word na die verbruik van elektrisiteit;

**"koopbewys"** die noodsaaklike element van 'n voorafbetaalmeterstelsel wat gebruik word om inligting tussen 'n kooppunt vir elektrisiteit en die voorafbetaalmeter oor te dra;

**"kwotaheffing"** 'n heffing voorgeskryf in die skedule vir tariewe en fooie wat betaalbaar is om die koste van die uitbreiding van die plaaslike verspreiding en netwerkstelsel te dek, welke heffing die Munisipaliteit nie van die tarief vir die voorsiening van elektrisiteit verhaal nie;

**"laagspanning"** of **"LS"** die stel nominale spanningsvlakke wat gebruik word vir die verspreiding van elektrisiteit, waarvan die boonste limiet gewoonlik aanvaar word as 'n WS-spanning van 1 000 volt (of 'n GS-spanning van 1 500 volt), in ooreenstemming met SANS 1019;

**"metingspunt"** die punt waar die verbruiker se verbruik van elektrisiteit gemeet word en mag die voorsieningspunt of enige ander punt op die verspreidingsstelsel van die diensowerheid of die elektriese installasie van die verbruiker wees, soos deur die ingenieur gespesifiseer, op voorwaarde dat op daardie punt alle en slegs die verbruiker se elektrisiteitsverbruik gemeet word;

**"middelbare spanning"** of **"MS"** die stel nominale spanningsvlakke wat bokant die laagspanning en onder die hoogspanning in die bestek van 1 kV <math>U\_n = 44 \text{ kV I\hat{e}}</math>, in ooreenstemming met SANS 1019;

**"motoraansitstroom"** met betrekking tot wisselstroommotors die wortel van die gemiddelde kwadraatwaarde van die simmetriese stroom van 'n motor wanneer dit bekrag is teen sy aangeslane spanning met sy aansitter in die aansitstand en die rotor gesluit;

**"motoraanslag"** die maksimum onafgebroke kW-uitset van 'n motor soos aangedui op die motoraanslagplaat;

**"Munisipaliteit"** die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit, wat vir die doeleindes van hierdie verordening ook die diensowerheid mag wees;

**"nakomingsertifikaat"** 'n sertifikaat uitgereik deur 'n geakkrediteerde persoon kragtens die regulasies met betrekking tot 'n elektriese installasie of 'n deel van 'n elektriese installasie;

**"NER"** die Nasionale Energiereguleerder soos bedoel in die Wet op Elektrisiteit, 1987 (Wet 41 van 1987);

**"NGS 048"** die nasionale gerasionaliseerde spesifikasie NRS 047-1:1999 – Elektrisiteitsvoorsiening – Gehalte van diens Deel 1: Minimum standaarde, soos van tyd tot tyd gewysig;

**"NGS 048"** die nasionale gerasionaliseerde spesifikasies NGS 048-1:1996 – Elektrisiteitsvoorsiening – Gehalte van voorsiening Deel 1, NGS 048-2:1996 – Elektrisiteitsvoorsiening – Gehalte van voorsiening Deel 2, NGS 048-3:1998 – Elektrisiteitsvoorsiening – Gehalte van voorsiening Deel 3, NGS 048-4:1999 – Elektrisiteitsvoorsiening – Gehalte van voorsiening Deel 4, NGS 048-5:1998 – Elektrisiteitsvoorsiening – Gehalte van voorsiening Deel 5, soos van tyd tot tyd gewysig;

**"NGS 057"** die nasionale gerasionaliseerde spesifikasie NGS 057-2:2000 – Meet van elektrisiteit Deel 2: Minimum vereistes, soos van tyd tot tyd gewysig;

**"okkupant"** met betrekking tot enige perseel –

- a) die persoon wat die perseel daadwerklik okkupeer;
- b) die persoon wat regsbevoeg is om die perseel te okkupeer;
- c) in die geval van persele wat onderverdeel is en aan loseerders en huurders verhuur word, die persoon wat die betaalbare huur van die loseerders en huurders ontvang, hetsy vir sy eie rekening of as agent van 'n anderpersoon wat geregtig is op of belang het by die huur; en
- d) die persoon in beheer van die perseel of verantwoordelik vir die bestuur van die perseel, en sluit die agent van die persoon wanneer hy of sy afwesig is van die Republiek van Suid-Afrika of wanneer dit onbekend is waar hy hom of sy haar bevind;

**"perseel"** enige grond of enige gebou of struktuur bo of onder die grond en sluit in enige voertuig, vliegtuig, houer of enige ander skuifbare struktuur;

**"persoon"** insluitend maar nie beperk nie tot 'n verbruiker, okkupant of eienaar, wat ook al die geval mag wees, wat voordeel put uit die elektrisiteitsvoorsiening aan 'n bepaalde perseel;

**"regulasies"** die regulasies uitgevaardig onder die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993), of die Elektrisiteitswet, 1987 (Wet 41 van 1987);

**"reserwevoorraad"** die alternatiewe elektrisiteitsvoorraad wat nie normaalweg deur die verbruiker gebruik word nie;

**"SANS 10142-1"** die gebruikskodes SANS 10142-1/SABS 0142-1:2003 – Die bedrading van persele Deel 1: Laespanningsinstallasies, soos uitgegee deur Standaarde Suid-Afrika van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, en soos geïnkorporeer in die regulasies en soos van tyd to tyd gewysig;

**"SANS 1019"** die spesifikasie SANS 1019/SABS 1019:2001 – Standaard spanning, strome en isolasievlakke vir elektrisiteitvoorsiening, soos uitgegee deur Standaarde Suid-Afrika van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, en soos geïnkorporeer in die regulasies en soos van tyd to tyd gewysig;

"**SANS 1507**" die spesifikasie SANS 1507/SABS 1507: 2002 – Elektriese kables met deurgedrukte soliede diëlektriese isolasie vir vaste installasies (300/500 V tot 1 900/3 300 V), soos uitgegee deur Standaarde Suid-Afrika van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, en soos van tyd to tyd gewysig;

"**skedule vir heffings en gelde**" die skedule vir heffings en gelde betaalbaar aan die Munisipaliteit vir die voorsiening van elektrisiteit, welke heffings en gelde van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit bepaal word en, waar van toepassing, deur die NER goedgekeur word, en wat per kennisgewing aangekondig word kragtens artikel 10G(7) van die Wet op Plaaslike Regeringsoorgang, 1993, (Wet 209 van 1993), en uiteengesit in 'n skedule daartoe aangeheg;

"**spanning**" die verskil tussen die elektriese potensiaal tussen enige twee geleiers of tussen 'n geleier en die aarddraad;

"**spesifikasie**" die toepaslike standaard of spesifikasie wat deur die elektrisiteitsvoorsieningsindustrie aanvaar word en sluit die toepaslike spesifikasies van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde (SABS) in en enige toepaslike nasionale gerasionaliseerde spesifikasie (NGS);

"**tarief**" die Munisipaliteit se tarief vir heffings vir die voorsiening van elektrisiteit;

"**uitoefen**" ten opsigte van die regte van die eienaar van 'n eiendom die uitoefening van die regte tot die kapasiteit van die elektrisiteitsvoorsiening wat aan die eiendom toegeken is –

- a) wanneer aansoek gedoen word om goedkeuring om te bou;
- b) wanneer aansoek gedoen word om 'n aansluiting; en
- c) wanneer eienaarskap oorgedra word;

"**veiligheidsstandaard**" die gesondheids- en veiligheidstandaard soos omskryf in die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993), en sluit SANS 10142-1 in;

"**verbruiker**" die bewoner van enige perseel met wie die Munisipaliteit ooreengekom het om elektrisiteit te voorsien of aan wie die Munisipaliteit wel elektrisiteit voorsien, of as daar geen bewoner is nie, die persoon wat tans 'n geldige ooreenkoms met die Munisipaliteit het vir die voorsiening van elektrisiteit aan die perseel, of as so 'n persoon nie bestaan nie of nie opgespoor kan word nie, of gevlug het of wat nie in staat is om te betaal nie om watter rede ook al, die eienaar van die perseel;

"**voofafbetalometer**" 'n meter wat geprogrammeer kan word om die vloei van voorafbetaalde hoeveelhede energie in 'n elektriese baan toe te laat;



"voorsieningshooflyne" enige deel van die Munisipaliteit se elektrisiteitsvoorsieningsnetwerk; en

"voorsieningspunt" die punt deur die ingenieur bepaal waar elektrisiteit aan enige perseel deur die Munisipaliteit voorsien word, en sluit in –

- a) 'n ondergrondse huishoudelike aansluiting op die grens van die erf of by die aansluiting in die voorsieningskabel in die onmiddellike nabyheid van die grens van die erf;
- b) 'n oorhoofse huishoudelike verbinding by die terminale in die kas op die dak of muur van die woning waar die luggeleiers van die Munisipaliteit se netwerk eindig;
- c) in die geval van 'n maksimumaanvraag-verbruiker by die uitgaande terminale van die Munisipaliteit se afsonderskakelaar;
- d) in die geval van 'n 11 kV-verbruiker by die uitgaande terminale van die Munisipaliteit se 11 kV-isoleringstroombreker; en
- e) enige ander voorsieningspunt soos skriftelik ooreengekom tussen die ingenieur en die verbruiker.

## **2. Ander terme**

Tensy die sinsverband anders aandui, het alle ander terme wat in hierdie verordening gebruik word, die betekenis wat aan hulle toegeken word in die Elektrisiteitswet, 1987 (Wet 41 van 1987), die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993) of die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000).

## **3. Opskrifte en titels**

Die opskrifte en titels in hierdie verordening beïnvloed nie die interpretasie van die verordening nie.

## HOOFSTUK 2

### ALGEMENE VOORWAARDES VIR VERSIENING

#### **4. Voorsiening op grond van 'n ooreenkoms**

- 1) Niemand mag elektrisiteitsvoorsiening gebruik of daarop aanspraak maak of elektrisiteit van die Munisipaliteit verbruik alvorens hy of sy skriftelik 'n ooreenkoms vir die lewering en verbruik met die Munisipaliteit gesluit het nie, en die ooreenkoms tesame met die bepalings van hierdie verordening bepaal die lewering en verbruik in alle opsigte.
- 2) Indien iemand elektrisiteitsvoorsiening gebruik sonder om 'n ooreenkoms met die Munisipaliteit aan te gaan, moet die voorsiening onmiddellik afgesluit word, en die persoon is aanspreeklik vir die koste van die elektrisiteit wat verbruik is, soos voorgeskryf in artikel 18 van hierdie verordening.
- 3) Indien 'n aansoeker, inwoner of verbruiker van enige perseel nie die geregistreerde eienaar van die perseel is nie, moet die eienaar van die perseel en die verbruiker vooraf 'n skriftelike ooreenkoms aangaan oor die lewering van 'n aansluiting. Die ooreenkoms is bindend vir die verbruiker en die eienaar van die perseel.

#### **5. Bediening van 'n kennisgewing**

'n Kennisgewing is geag bedien te gewees het op 'n persoon deur die Munisipaliteit wanneer dit kragtens die bepalings van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) gelewer is. So 'n kennisgewing moet gemagtig word deur die handtekening van die ingenieur of 'n beampte wat deur hom of haar aangestel of benoem is.

'n Kennisgewing of aansoek soos vervat in artikels 7, 44 en 45 van hierdie verordening word geag bedien te gewees het op of uitgereik te gewees het aan die Munisipaliteit, wat ook al die geval mag wees, indien –

die kennisgewing of aansoek persoonlik by die ingenieur ingedien is;

die kennisgewing of aansoek by 'n beampte in die kantoor van die ingenieur gelaat is; of

die kennisgewing of aansoek per pos deur die Munisipaliteit ontvang is.

## **6. Voldoening aan kennisgewings**

Enigeen aan wie regtens kragtens hierdie verordening 'n kennisgewing uitgereik of oorhandig word moet binne die tyd in die kennisgewing gespesifiseer aan die voorwaardes van die kennisgewing voldoen.

## **7. Aansoek om voorsiening**

- (1) 'n Aansoek om nuwe elektrisiteitsvoorsiening of die verhoging van die kapasiteit van bestaande elektrisiteitsvoorsiening, of 'n voorafbetaalreëling moet skriftelik deur die voornemende verbruiker op 'n voorgeskrewe vorm gemaak word wat by die kantoor van die Munisipaliteit verkry kan word, en die grootte van die installasie moet in die aansoek genoem word. Die aansoek moet so gou moontlik voor die elektrisiteit verlang word ingedien word om die werk van die Munisipaliteit te vergemaklik.
- (2) 'n Aansoek om nuwe elektrisiteitsvoorsiening vir 'n periode van minder as een jaar moet beskou word as 'n aandoek om tydelike elektrisiteitsvoorsiening en berus by die diskresie van die ingenieur, wat spesiale voorwaardes mag stel waaraan voldoen moet word. Die toepaslike tarief vir tydeklike elektrisiteitsvoorsiening wat deur die Munisipaliteit bepaal word is betaalbaar.
- (3) Geen permanente installasie mag saam met tydelike elektrisiteitsvoorsiening verskaf word sonder die skriftelike goedkeuring van die ingenieur nie.
- (4) As daar 'n verandering van inwoner of verbruiker is en die nuwe verbruiker wil voortgaan om die bestaande permanente elektrisiteitsvoorsiening te gebruik, moet die nuwe verbruiker op die voorgeskrewe vorm(s) wat van tyd tot tyd deur die Hoof Finansiële Beampste van die Munisipaliteit verskaf word, by die Finansiële Departement van die Munisipaliteit aansoek doen.
- (5) Slegs een elektrisiteitsaansluiting moet per erf beskikbaar gestel word. Bykomende elektrisiteitsaansluitings kan na goeddunke deur die ingenieur verskaf word. Met die goedkeuring van 'n tweede verbruikersreg op 'n eiendom moet 'n aansoek om 'n bykomende elektrisiteitsaansluiting deur die eienaar ingedien word. Wanneer 'n goedgekeurde tweede verbruikerseenheid opgerig is, moet 'n aparte elektrisiteitsaansluiting van die Munisipaliteit vir die aansoeker se rekening geneem word.

## **8. Verwerking van aansoeke om toevoer**

Aansoeke om elektrisiteitsvoorsiening moet verwerk en die elektrisiteitsvoorsiening beskikbaar gemaak word binne die tydperke wat in NRS 047 gestipuleer word.

## **9. Arbitrasie**

Indien daar op enige tyd 'n verskil of dispuut tussen die Munisipaliteit en die verbruiker ontstaan oor die uitleg, betekenis of uitwerking van hierdie verordening of oor die regte, verpligtinge of laste van die verbruiker of die Munisipaliteit onder die verordening, moet die verskil of dispuut na die NER verwys word vir 'n besluit, by gebreke waarvan die verskil of dispuut deur arbitrasie besleg moet word in terme van die bepalings van die Wet op Arbitrasie, 1965 (Wet 42 van 1965).

## **10. Gebruiksreg en serwitute**

- (1) Die Munisipaliteit mag weier om 'n elektrisiteitsdiensaansluiting te installeer of om hoofleidings bo of onder die grond op enige privaat eiendom of op grond waarop 'n deurgang bestaan, wat nie op die diensgesag berus nie, te voorsien, behalwe en totdat die voornemende verbruiker aan die Munisipaliteit skriftelike toestemming verskaf van die eienaar van die privaat eiendom of van die persoon in wie die wettige titel vir die grond waarop die deurgang bestaan berus, soos die geval mag wees, welke toestemming moet die aanlê of oprigting van 'n elektrisiteitsdiensaansluiting of voorsiening van hoofleidings op die privaat eiendom of grond magtig.
- (2) Indien die toestemming waarna verwys word in subartikel (1) op enige tyd onttrek word of indien die eiendom of grond van eienaar verander en die nuwe eienaar weier om toestemming te verleen of te handhaaf, moet die verbruiker by wie se perseel die toevoer voortgesit word die koste dra van –
  - (a) enige verandering aan 'n elektrisiteitsdiensaansluiting of hoofleiding wat nodig mag wees ten einde die toevoer voortgesit word; en
  - (b) enige verwydering van 'n elektrisiteitsdiensaansluiting of hoofleiding wat nodig mag wees ten einde die toevoer voortgesit word.

- (3) Die Munisipaliteit mag enige voorwerp verwyder of enige aktiwiteit regstel wat die integriteit van die verspreidingsstelsel, soos beskou word in artikel 27 van hierdie verordeninge, in gevaar stel.
- (4) Die Munisipaliteit mag die vereistes van gebruiksregte en serwitute, soos bepaal deur die ingenieur, afdwing.

## **11. Reg van toegang tot eiendom**

- (1) Die ingenieur of enige behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit mag op enige redelike tyd of, in 'n noodgeval, op enige tyd enige perseel betree wanneer –
  - (a) daar redelike gronde bestaan vir die mening dat hierdie verordening oortree is of word;
  - (b) instandhoudingswerk gedoen moet word op die verspreidingsnetwerk wat op die perseel geïnstalleer is;
  - (c) 'n algemene inspeksie gedoen moet word vir onderhoud, operasionele of ander doeleindes; en
  - (d) die netwerk opgegradeer moet word.
- (2) Vir die doeleindes van subartikel (1) mag enige grond, plaveiselstene, klip, yster- of houtwerk, of ander oppervlak wat enige gedeelte van die perseel bedek, verwyder word vir opgradering, inspeksie of onderhoud.
- (3) Met die uitvoering van enige *bona fide* pligte moet die Munisipaliteit poog om die perseel te herstel tot 'n redelike vlak soos na verwys word in subartikel (1), sou daar geen oortreding van die verordening onthul word nie.

## **12. Weier of nalaat om inligting te verskaf**

Geen persoon mag –

- (1) weier of versuim om inligting te verskaf wat redelikerwys van hom of haar vereis word deur 'n behoorlik gemagtigde beampte nie; of
- (2) enige vals inligting verskaf aan 'n behoorlik gemagtigde beampte oor enige elektriese installasiewerk wat voltooi is of beoog word nie.

### **13. Weier om te erken**

Geen persoon mag opsetlik hinder, belemmer, peuter met of toelating weier aan die ingenieur of behoorlik gemagtigde beampte in die uitvoering van sy of haar pligte ingevolge hierdie verordeninge, of in die uitvoering van enige plig wat verband hou met of met betrekking tot daardie plig nie.

### **14. Ongeoorloofde gebruik**

Indien die ingenieur redelike gronde het om te glo dat die verbruiker die elektrisiteit gebruik met 'n doel of met die elektrisiteit handel wat op 'n onbehoorlike of onveilige wyse inmeng, of bereken word om in te meng op 'n onbehoorlike of onveilige wyse, met die doeltreffende elektrisiteitsvoorsiening aan enige verbruiker, mag die Munisipaliteit, sonder kennisgewing, die elektrisiteitstoevoer afsluit van die verbruiker wat elektrisiteit op 'n onbehoorlike of onveilige wyse gebruik of mee handel. Sodanige toevoer moet herstel word deur die Munisipaliteit sodra die oorsaak vir die afsluiting permanent reggestel of verwyder is. Die fooi, soos voorgeskryf deur die Munisipaliteit vir die afsluiting en heraansluiting, moet betaal word deur die verbruiker voordat die elektrisiteitstoevoer herstel word, tensy dit op 'n bevredigende manier aan die ingenieur bewys kan word dat die verbruiker nie die elektrisiteit op 'n onbehoorlike of onveilige wyse gebruik of mee gehandel het nie. Indien gestaafde bewyse bestaan dat die verbruiker op 'n onbehoorlike of onveilige manier die elektrisiteit gebruik het of mee gehandel het, mag dit vereis word dat 'n nuwe voldoeningcertifikaat vir die installasie ingedien moet word.

### **15. Elektrisiteitstariewe en -fooie**

Afskrifte van die bylae van heffings en fooie kan verkry word by die kantore van die diensowerheid of Munisipaliteit gedurende kantoorure teen die voorgeskrewe fooi.

### **16. Algemene heffings**

#### **(1) Beskikbaarheidsheffings**

- (a) Beskikbaarheidsheffings, soos van tyd tot tyd bepaal word deur die Munisipaliteit, is betaalbaar aan die Munisipaliteit deur die eienaar van die vaste eiendom, met of sonder verbeterings, indien die eiendom nie aangesluit is aan die elektrisiteitsverspreidingstelsel van die

Munisipaliteit nie en indien toegang tot 'n elektrisiteitsaansluiting beskikbaar is op die eiendom.

(b) Die bepaling van subartikel (1) (a) is nie van toepassing op die volgende nie:

(i) Vaste eiendom wat aan die diensowerhede behoort.

(ii) Vaste eiendom ten opsigte waarvan die Munisipaliteit skriftelike vrystelling, of gedeeltelike vrystelling, van die betaling van die beskikbaarheidsheffing, met dien verstande dat die Munisipaliteit op enige tyd die vrystelling, kan onttrek.

## **(2) Kwotaheffings**

Kwotaheffings, die koers waarvan van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit bepaal word, is betaalbaar deur ontwikkelaars of eienaars van grond binne die gelisensieerde toevoergebied van die Munisipaliteit wanneer die vasgestelde maksimumaanvraag van die grond oorskry word. Hierdie heffings word gebruik om die koste van die uitbreiding van plaaslike verspreidings- en netwerkstelsels, wat die Munisipaliteit nie verhaal van die tarief vir elektrisiteitsvoorsiening nie, te dek.

## **17. Deposito's**

Die Munisipaliteit behou die reg voor om te vereis dat die verbruiker 'n geldsom deponeer of 'n bankwaarborg, wat voldoen aan die eise van die Munisipaliteit se Departement vir Finansies, beskikbaar stel as sekuriteit vir betaling van enige kostes wat uitstaande is of mag word aan die Munisipaliteit. Die deposito moet nie beskou word as 'n betaling of gedeeltelike betaling vir enige rekening betaalbaar vir elektrisiteitsvoorsiening of vir die doel van die verkryging van korting ooreenkomstig die elektrisiteitstariewe gemeld in hierdie verordening nie. By beëindiging van elektrisiteitsvoorsiening, moet die bedrag van die deposito, rentevry, minus enige betalings wat aan die Munisipaliteit verskuldig is, aan die verbruiker terugbetaal word. Die bedrag van die deposito of bankwaarborg word van tyd tot tyd bepaal deur die Munisipaliteit en mag verhoog word indien nodig.

## **18. Betaling van heffings**

(1) Die verbruiker is aanspreeklik vir al die elektrisiteit wat voorsien word, of dit gemeet of ongemeet is, op sy of haar perseel, insluitend elektrisiteit wat voorsien word in ooreenstemming met 'n voorafbetaalde reëling teen

die voorgeskrewe tarief, waarvan 'n afskrif verkrygbaar is van die Munisipaliteit gedurende normale kantoorure teen 'n voorgeskrewe fooi.

- (2) Die Munisipaliteit moet op 'n gereelde basis 'n rekening lewer vir die bedrag betaalbaar deur die verbruiker (dit sluit verbruikers wat voorsien word in ooreenstemming met 'n voorafbetaalde reëling en verbruikers met ander ongemete toevoer in ooreenstemming met 'n reëling uit). Die Munisipaliteit moet op die rekening al die informasie (meterlesings, datums, ens) waarop die rekening gebaseer is, aanbring.
- (3) Alle rekeninge word beskou as betaalbaar op of voor die betaaldatum soos aangedui op die rekening en indien die verbruiker versuim om te betaal moet die Munisipaliteit die verbruiker in kennis stel en uiteindelik die elektrisiteitstoevoer na die perseel van die verbruiker, ontkoppel. Die rekening soos uitgereik word beskou as die eerste kennisgewing van die bedrag betaalbaar.
- (4) 'n Fout of weglating op enige rekening van die Munisipaliteit of versuim van die Munisipaliteit om 'n rekening te lewer, verhef nie die verbruiker om sy of haar verpligting om die bedrag verskuldig vir elektrisiteitsvoorsiening aan die perseel te betaal nie. Die onus rus op die verbruiker om te verseker dat die rekening wat gelewer is ooreenstem met die voorgeskrewe tarief van heffings vir elektrisiteit voorsien aan die perseel.
- (5) Waar 'n behoorlik gemagtigde beampte die perseel besoek het om die voorsiening af te sluit of na te gaan vir die doeleindes van subartikels (1) en (3), moet die beampte nie verhinder of verhoed word om die afsluiting of rekeningkontrole uit te voer nie. Die voorgeskrewe fooi moet deur die verbruiker betaal word vir elke nodige besoek vir die doel van afsluiting of rekeningkontrole.
- (6) Nadat 'n verbruiker se elektrisiteitstoevoer afgesluit is as gevolg van versuim om te betaal of as gevolg van 'n oortreding van 'n bepaling van hierdie verordening of enige ander verwante verordening, moet die verbruiker die voorgeskrewe fooie en enige bedrae verskuldig betaal voordat 'n heraansluiting gedoen kan word.
- (7) Indien 'n persoon elektrisiteit gebruik sonder dat daar 'n ooreenkoms aangegaan is met die Munisipaliteit, is hy of sy verantwoordelik vir die kostes van die verbruikte elektrisiteit. Hierdie koste moet bepaal word volgens die toepaslike tarief en die verbruik sedert die laaste rekening in ooreenstemming met die jongste ooreenkoms van toepassing op die perseel.



## **19. Rente op agterstallige rekeninge**

Die Munisipaliteit mag rente hef op agterstallige rekeninge teen 'n koers wat van tyd tot tyd bepaal word deur die Munisipaliteit.

## **20. Herverkoop van elektrisiteit**

(1) Tensy anders gemagtig deur die ingenieur, mag geen persoon elektrisiteit, wat aan die perseel voorsien word ingevolge 'n ooreenkoms met die Munisipaliteit, verkoop of voorsien aan enige persoon of persone vir die gebruik op enige ander perseel, of toelaat of vergun dat die herverkoop of voorsiening plaasvind nie. Indien elektrisiteit herverkoop word vir die gebruik op dieselfde perseel, is die herverkoop onderhewig aan die voorwaardes soos neergelê in die Wet op Elektrisiteit, 1987 (Wet 41 van 1987).

(2) In ooreenstemming met Regulasie 11 van die regulasies uitgevaardig onder die Wet op Elektrisiteit, 1987 (Wet 41 van 1987), moet die herverkoper van elektrisiteit 'n maandelikse rekening lewer vir elektrisiteit wat verbruik is, wat die begin- en eindlesings en enige toepaslike kostes moet weerspieël volgens die goedgekeurde tariewe van die Munisipaliteit, met dien verstande dat –

(a) slegs goedgekeurde tariewe aangedui word op die rekening; en

(b) elke individuele verbruiker afsonderlik gemeet en 'n rekening gestuur word.

## **21. Reg om elektrisiteit af te sluit**

(1) Die Munisipaliteit het die reg, na 'n kennisgewing uitgereik is, om die elektrisiteitsvoorsiening vir enige perseel af te sluit indien –

(a) die persoon wat aanspreeklik is vir die betaling van die voorsiening, of vir die betaling van enige ander munisipale diens, versuim om enige verskuldigde heffings aan die Munisipaliteit te betaal ten opsigte van enige diens wat hy of sy op enige tyd van die Munisipaliteit mag ontvang het ten opsigte van die perseel; of

(b) enige van die bepalings van hierdie verordening en/of die regulasies oortree word.

(2) Die Munisipaliteit het die reg om die toevoer van elektrisiteit van enige perseel af te sluit indien daar doelbewus oorbelading of die onwettige

verhoging van voorsiening of kapasiteit van toevoer na die perseel is. Die Munisipaliteit moet die verbruiker in kennis stel van sy voorneme om af te sny of, in die geval van 'n ernstige risiko, mag die Munisipaliteit afsny sonder kennisgewing. Nadat 'n verbruiker se elektrisiteitsvoorsiening afgesny is weens die die versuim van betaling van rekeninge, of vir onbehoorlike of onveilige gebruik van elektrisiteit, of vir enige ander verwante rede, moet die verbruiker die fooi, soos voorgeskryf deur die Munisipaliteit, betaal.

## **22. Nie-aanspreeklikheid van die diensowerheid en die Munisipaliteit**

Die diensowerheid en die Munisipaliteit is nie verantwoordelik vir enige verlies of skade, direk of voortvloeiend, wat deur 'n verbruiker gely of opgedoen word as gevolg van of voorspruitend uit die beëindiging, onderbreking of staking van elektrisiteitsvoorsiening nie, tensy die verlies of skade veroorsaak is deur nalatigheid aan die kant van die diensowerheid of die Munisipaliteit.

## **23. Vermorste of verlore elektrisiteit**

Onder geen omstandighede word enige korting op die rekening van die verbruiker vir elektrisiteit wat voorsien en gemeet is toegelaat ten opsigte van elektrisiteit wat vermors is as gevolg van 'n fout of onbehoorlike gebruik van elektrisiteit in die elektriese installasie van die verbruiker nie.

## **24. Nalaat om te verskaf**

Die Munisipaliteit onderneem nie om aandag te skenk aan 'n versuim van voorsiening as gevolg van 'n fout in die elektriese installasie van die verbruiker nie, behalwe wanneer die onderbreking te wyte is aan die werking van die diensbeveiligingstoestel van die Munisipaliteit. Wanneer daar gevind word dat die rede vir 'n onderbreking van voorsiening as gevolg van 'n fout in die elektriese installasie van die verbruiker is, of die gebrekkige werking van 'n apparaat wat gebruik word vir elektriese installasie, het die Munisipaliteit die reg om –

- (1) die verbruiker te hef met die fooi voorgeskryf deur die Munisipaliteit vir elke herstel van die toevoer; en
- (2) die koste van die verbruiker te verhaal vir die regmaak of herstel van enige skade wat aan die dienshoofleidings en -meters aangerig is deur die onderbreking of foutiewe werking.

## **25. Seëls en slotte van die Munisipaliteit**

Die meter, voorafbetaalmeter, diensbeveiligingstoestelle en alle aparate op die perseel wat aan die Munisipaliteit behoort, moet geseël of gesluit wees deur 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit, en geen ander persoon as 'n beampte van die Munisipaliteit wat behoorlik gemagtig is om dit te doen mag op enige manier of vir enige rede hoegenaamd die seëls en slotte verwyder, breek, skend, mee peuter of inmeng nie. Slegs behoorlik gemagtigde beamptes moet in die besit wees van sekuriteitslotsleutels, en enige ongemagtigde persoon wat in besit is van die sleutels is skuldig aan 'n misdryf kragtens hierdie verordening.

## **26. Peuter met diensaansluitingspunt of hoeftoevoerlyn**

- (1) Geen persoon mag op enige wyse of om enige rede hoegenaamd die meettoerusting van die Munisipaliteit op enige perseel oorbrug of mee peuter of inmeng met enige meter, insluitend 'n voorafbetaalmeter, of met enige diensaansluiting, diensbeveiligingstoestel, dienshoofleiding of enige ander toerusting van die Munisipaliteit op enige perseel nie. Sulke gepeuter, inmenging of oorbrugging word as 'n oortreding in terme van artikel 27 (2) en (3) van die Wet op Elektrisiteit, 1987 (Wet 41 van 1987) geag, en maak die oortreder skuldig aan 'n misdryf en onderworpe aan 'n vonnis van 'n boete en/of gevangenisstraf.
- (2) Waar *prima facie* bewyse bestaan van peutering, inmenging of oorbrugging waarna verwys word in subartikel (1), het die Munisipaliteit die reg om die elektrisiteitsvoorsiening onmiddellik, sonder vooraf kennisgewing aan die verbruiker, af te sluit. Die verbruiker is verantwoordelik vir alle fooie en koste wat deur die Munisipaliteit gehef word vir die afsluiting en daaropvolgende heraansluiting.
- (3) In gevalle waar peutering, inmenging of oorbrugging soos na verwys word in subartikel (1) die gevolg gehad het dat die akkuraatheid van die meterinstallasie in gedrang geplaas is, het die Munisipaliteit die reg om die verbruiker se rekening reg te stel deur stroombreker-, aansluiting- en kwotakostes in te sluit.

## **27. Beskerming van die elektrisiteitsverspreidingsnetwerk**

- (1) Geen persoon mag, behalwe met skriftelike toestemming van die ingenieur en onderworpe aan die voorwaardes wat opgelê mag word –

- (a) enige gebou, struktuur of ander voorwerp bou, oprig of die oprigting toelaat, of bome plant of plantegroei, bo-oor of in 'n posisie of op 'n wyse wat inmeng met die elektrisiteitsverspreidingsstelsel of dit blootstel aan gevaar nie, en alle vry ruimtes soos voorgeskryf in die regulasies kragtens die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993), moet nagekom word;
  - (b) van die grond bo, langs of onder enige deel van die elektriese verspreidingsstelsel uitgrawe, oopmaak of verwyder of enige iets op, langs of onder enige deel van die elektriese verspreidingsstelsel stort nie;
  - (c) beskadig, bedreig, verwyder of vernietig nie, of enige daad wat waarskynlik die beskadiging, bedreiging, vernietiging of verwydering van enige deel van die elektriese verspreidingsstelsel kan bewerkstellig;
  - (d) enige elektriese stroom uittrek, vertak of aflei of bewerkstellig dat enige elektriese stroom uitgetrek, vertak of afgelei word nie, of die stroom wat wederegtelik en onwettig uitgetrek, vertak of afgelei is verbruik of gebruik;
  - (e) enige plaveisel oor die Munisipaliteit se kables pak nie, tensy voldoende voerings vir die kables onder die plaveisel geïnstalleer is en die rande van die plaveisel gemerk is;
  - (f) enige uitgrawings doen oor die Munisipaliteit se kables sonder dat 'n permit uitgereik is deur die ingenieur nie; en
  - (g) enige uitgrawings doen oor die Munisipaliteit se kables met uitgrawings- of verwante masjiene nie, maar uitgrawings mag met die hand gedoen word nadat toestemming vir die uitgrawings van die ingenieur verkry is.
- (2) Die eienaar moet die hoogte van bome of plantegroei of die lengte van die takke in die nabyheid van oorhoofse lyne beperk, of 'n middel van beskerming wat na die ingenieur se mening die boom of plantegroei voldoende verhoed om met die geleiers in te meng, sou die boom of takke of plantegroei beweeg, as gevolg van wind, deur af te val of afgekap te word. Sou die eienaar versuim om hierdie bepaling van die Munisipaliteit in ag te neem, in ooreenstemming met die Munisipaliteit se vereistes vir gebruiksreg en serwitute, het die Munisipaliteit die reg om, na 'n vooraf skriftelike kennisgewing en binne die voorgeskrewe tydperk of op enige tyd in 'n noodgeval, die bome of ander plantegroei te sny of te snoei op so 'n wyse dat dit voldoen aan hierdie subartikel en geregtig is om die perseel vir daardie doel te betree.

- (3) As die werk uitgevoer word deur die Munisipaliteit in terme van subartikel (1) en (2) en sulke werk nodig is as gevolg van die oortreding van hierdie verordening, is die koste van die werk vir die rekening van die persoon wat hierdie verordening oortree het.
- (4) Die Munisipaliteit behou die reg voor om enige beleid in die vorm van regulasies aangaande die regte van die Munisipaliteit, ten opsigte van die beskerming van die elektrisiteitsverspreidingsstelsel, te implementeer.
- (5) Die ingenieur kan, ten opsigte van enige perseel –
  - (a) enige gebou, struktuur of enige voorwerp wat gebou, opgerig of gelê is, in oortreding met hierdie verordening, sloop, verbou of andersins handel;
  - (b) enige grond wat uitgegrawe of verwyder is, in oortreding van hierdie verordening, invul en regmaak;
  - (c) enige skade wat aangerig is, in oortreding van hierdie verordening of wat die gevolg is van 'n oortreding van hierdie verordening, herstel en regmaak;
  - (d) enige iets verwyder wat beskadig, belemmer of bedreig of wat enige deel van die elektrisiteitsverspreidingsstelsel waarskynlik kan beskadig, belemmer, bedreig of vernietig; en
  - (e) 'n rekening voorsien vir enige werk wat gedoen is in terme van hierdie artikel, en die toevoer van elektrisiteit afgesny indien die rekening nie betyds betaal word nie.
- (6) Alle plaveisel oor die Munisipaliteit se kables moet maklik wees om te verwyder. Die Munisipaliteit of die diensowerheid behou die reg voor om enige kabelroete te graawe vir enige doel hoegenaamd, en hoewel die Munisipaliteit of die diensowerheid die oppervlak redelikerwys tot sy vorige toestand moet herstel, is die Munisipaliteit nie verantwoordelik vir enige skade aan die plaveisel in 'n straatreserwe of serwituut nie.

## **28. Voorkoming van peuter met diensaansluitingspunt of toevoerhooflyn**

Indien die ingenieur besluit dat dit nodig of wenslik is om spesiale voorsorg te tref om peutery met enige deel van die hoofleiding, diensaansluitingspunt of meter te verhoed, moet die verbruiker óf die nodige beveiliging voorsien en installeer óf die betrokke koste betaal waar sodanige beveiliging deur die Munisipaliteit verskaf word. Die ingenieur kan die bestaande meettoerusting vervang met die gepaste meettoerusting.

## **29. Ongemagtigde aansluitings**

Geen persoon anders as 'n persoon wat die Munisipaliteit spesifiek skriftelik magtig om dit te doen mag direk of indirek aansluit, probeer aansluit of veroorsaak of die aansluiting van 'n nuwe elektriese installasie of deel van 'n nuwe installasie aan die hoofleiding of diensaansluiting toelaat nie. So 'n aansluiting word as 'n oortreding geag in terme van artikel 27(2) en (3) van die Wet op Elektrisiteit, 1987 (Wet 41 van 1987), en maak die oortreder skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar tot 'n boete en/of gevangenisstraf.

## **30. Ongemagtigde heraansluitings**

- (1) Geen persoon anders as 'n persoon wat die Munisipaliteit spesifiek skriftelik magtig om dit te doen kan dit weer heraansluit, probeer heraansluit of die heraansluiting veroorsaak of toelaat van die hoofleiding of diensaansluiting van 'n elektriese installasie wat deur die Munisipaliteit afgesluit is nie.
- (2) Waar 'n elektrisiteitstoevoer wat voorheen afgesluit was gevind is om onwettig heraangesluit te wees, is die verbruiker van die toevoer aanspreeklik vir alle kostes vir elektrisiteit wat verbruik is tussen die datum van afsluiting tot die datum wat die toevoer heraangesluit is en vir enige ander kostes gehef in hierdie verband. So 'n heraansluiting van elektrisiteitstoevoer word as 'n oortreding geag in terme van artikel 27 (2) en (3) van die Wet op Elektrisiteit, 1987 (Wet 41 van 1987), en maak die oortreder skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar tot 'n boete en/of gevangenisstraf.
- (3) Waar die elektrisiteitstoevoer afgesluit is as gevolg van onveilige toestande in die verbruiker se installasie, kan die toevoer slegs heraangesluit word nadat die verbruiker 'n wettige en geldige voldoeningssertifikaat aan die Munisipaliteit voorgelê het.

## **31. Afsluiting (tydelik en permanent) en heraansluiting**

- (1) Die ingenieur moet, op die skriftelike versoek van die verbruiker, die elektrisiteitstoevoer na die verbruiker se elektriese installasie tydelik afsluit en gevolglik heraansluit met betaling deur die verbruiker van die fooi soos voorgeskryf deur die diensowerheid vir elke afsluiting en gevolglike heraansluiting.

- (2) 'n Elektrisiteitstoevoer is afgesluit op die skriftelike versoek van die persoon met wie die Munisipaliteit 'n ooreenkoms het vir die voorsiening en aansluiting. Indien dit nodig is vir die ingenieur om 'n tydelike afsluiting en 'n daaropvolgende heraansluiting van die toevoer na die verbruiker se elektriese installasie aan te bring, en indien die verbruiker op geen manier verantwoordelik is vir die ontstaan van hierdie noodsaak nie, is die ingenieur verantwoordelik vir hierdie betaling soos na verwys word in subartikel (1).
- (3) Die ingenieur kan slegs in uitsonderlike omstandighede die elektrisiteitstoevoer na enige perseel sonder kennisgewing aan die verbruiker tydelik afsluit, vir die doel om herstelwerk of toetse te doen of vir enige regmatige doel. In alle ander gevalle moet voldoende kennis gegee word aan die verbruiker.
- (4) Die Munisipaliteit moet aan die verbruiker kennis gee van 'n beplande afsluiting of onderbreking in ooreenstemming met NRS 047.
- (5) Die Munisipaliteit moet afsluitings soos beskou word in hierdie artikel in ooreenstemming met NRS 047 doen en hanteer.
- (6) Indien die Munisipaliteit klein take op die verspreidingsnetwerk vir 'n tydperk van hoogstens 45 minute uitvoer, word daar nie van die Munisipaliteit vereis om vooraf kennis aan die verbruiker te gee nie, behalwe in die geval waar verbruikers van elektrisiteitstoevoer spesiale ooreenkomste met die Munisipaliteit het.

### **32. Beplande instandhouding en afsluiting van toevoer**

Die Munisipaliteit moet aan die verbruiker kennis gee van die beplande afsluiting van 'n elektrisiteitstoevoer vir die doel van instandhouding, herstel- of konstruksiewerk in ooreenstemming met NRS 047.

### **33. Tydelike voorsiening**

- (1) 'n Tydelike elektrisiteitstoevoer is gewoonlik geldig vir drie maande of vir 'n tydperk spesifiek skriftelik ooreengekom met die Munisipaliteit, maar die tydperk van enige tydelike elektrisiteitstoevoer mag nie een jaar oorskry nie.
- (2) Indien die Munisipaliteit bevind dat 'n tydelike elektrisiteitstoevoer na 'n verbruiker inmeng met die doelmatige en ekonomiese elektrisiteitstoevoer na ander verbruikers, het die ingenieur die reg om tydelik die toevoer op

enige tyd, met kennisgewing, of onder buitengewone omstandighede, sonder kennisgewing, te beëindig.

- (3) Aansoek vir 'n tydelike elektrisiteitstoevoer moet op dieselfde wyse gedoen word as vir 'n permanente elektrisiteitstoevoer in ooreenstemming met artikel (7).

#### **34. Tydelike werk**

Elektriese installasies wat 'n tydelike elektrisiteitstoevoer vereis moet nie direk of indirek aangesluit word met die hoofleidings nie, behalwe met die spesiale skriftelike toestemming van die ingenieur. Volledige inligting oor die redes vir en die aard van die werk vir tydelike toevoer moet die aansoek vir die toestemming vergesel, en die ingenieur mag die aansoek weier of toestemming verleen met terme en voorwaardes wat nodig mag wees. 'n Voldoeningsertifikaat moet deur die verbruiker aan die Munisipaliteit voorgelê word in gevalle van tydelike werk.

#### **35. Ladingvermindering**

- (1) By tye van spitslading of in 'n noodgeval of wanneer, na die mening van die ingenieur, dit vir enige rede nodig is om die lading op die elektrisiteitstoevoer van die Munisipaliteit te verminder, kan die ingenieur sonder kennisgewing die toevoer onderbreek en vir 'n tydperk wat die ingenieur as nodig ag, die elektrisiteitstoevoer na 'n verbruiker se elektriese warmwatersilinder of na 'n spesifieke elektriese toestel of na die hele installasie, staak. Die diensowerheid, die Munisipaliteit en die ingenieur is nie verantwoordelik vir enige verlies of skade, direk of voortvloeiend, as gevolg van of voortspruitend uit die onderbreking of beëindiging van die elektrisiteitstoevoer nie.
- (2) Die Munisipaliteit mag op die perseel van die verbruiker die apparaat en toerusting installeer wat nodig is om gevolg te gee aan die bepalings van subartikel (1), en die ingenieur en enige behoorlik gemagtigde beampte mag op enige redelike tyd die perseel betree vir die doel van installasie, inspeksie, toetsing, aanpassing, instandhouding en/of verandering aan die apparaat en toerusting.
- (3) Ondanks die bepalings van subartikel (2) moet die verbruiker of die eienaar, soos die geval mag wees, wanneer 'n elektriese warmwatersilinder installeer word, die nodige akkommodasie en bedrading voorsien wat die ingenieur mag benodig ten einde die latere



installasie van die apparaat en toerusting soos na verwys word in subartikel (2).

### **36. Megavoltspanning- en laespanningskakeltuig en -uitrusting**

- (1) Waar 'n elektrisiteitstoevoer gegee word teen óf MV óf LS, moet vir die toevoer en installasie van die skakeltuig, kables en toerusting wat deel vorm van die diensaansluiting, tensy anders goedgekeur, betaal word deur die verbruiker.
- (2) In die geval van 'n MV-toevoer, moet al die toerusting deur die ingenieur goedgekeur en geïnstalleer word deur, of onder die toesig van, die ingenieur.
- (3) Geen persoon mag MV-skakeltuigwerk doen by toevoerpunte sonder skriftelike toestemming van die ingenieur nie.
- (4) Alle MV-skakeltuig bedrywighede by toevoerpunte of verbindings van toevoerpunte moet goedgekeur word deur die ingenieur, en alle aarding en toetsing van MV-toerusting wat aan die Munisipaliteit se netwerk gekoppel is moet gedoen word deur, of onder die toesig van, die ingenieur.
- (5) In die geval van 'n LS-toevoer, moet die verbruiker 'n goedgekeurde LS-hoofskakelaar en/of enige ander toerusting wat vereis word deur die ingenieur, voorsien en installeer.

### **37. Akkommodasie van transformatorsubstasie**

- (1) Die ingenieur kan, op sodanige voorwaardes wat hy of sy goedvind, vereis dat die eienaar van 'n perseel goedgekeurde akkommodasie voorsien en in stand hou, wat moet bestaan uit 'n afsonderlike kamer of kamers wat uitsluitlik gebruik word vir die doel van die behuising van MV-kables en -skakeltuie, transformators, LS-kables en -skakeltuie en ander toerusting wat nodig is vir die toevoer op die versoek van die aansoeker wat aansoek doen vir elektrisiteitstoevoer na die perseel.
- (2) Die akkommodasie waarna verwys word in subartikel (1) moet geleë wees by 'n punt wat te alle tye vrye en onbeperkte toegang het vir doeleindes wat met die bedryf en instandhouding van die toerusting verband het.
- (3) Die Munisipaliteit behou die reg voor om sy eie netwerke te voorsien van sy eie toerusting wat geïnstalleer is in die akkommodasie soos na verwys word in subartikel (1), en indien die Munisipaliteit addisionele

akkommodasie vereis, moet die addisionele akkommodasie deur die aansoeker verskaf word teen die koste van die Munisipaliteit.

### **38. Spesifikasie van toevoerderdiagram**

Wanneer meer as een elektriese installasie of elektrisiteitstoevoer van 'n gemeenskaplike hoofleiding nodig is vir enige gebou of groep geboue, moet die ontwerp gesertifiseer word deur 'n bevoegde persoon soos beskou word in die regulasies uitgevaardig kragtens die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993), en moet die bedradingsdiagram van die stroombane wat by die hoofskakelaar begin en die ontwerp van die interne verspreidingsnetwerk, op versoek, ingedien word vir goedkeuring by die ingenieur voordat daar met die werk begin word. In die geval van dorpsontwikkeling, moet die ontwerp voldoen aan die spesifikasies van die ingenieur.

### **39. Voorsieningsreserwe**

Geen verbruiker is geregtig op 'n voorsieningsreserwe van die Munisipaliteit vir enige perseel nie, behalwe met skriftelike toestemming van die ingenieur en terme en voorwaardes soos neergelê deur die ingenieur.

### **40. Toerusting vir noodvoorsieningsreserwe vir verbruikers**

Geen noodvoorsieningsreserwes, wat deur 'n verbruiker ingevolge enige regulasies of vir die verbruiker se eie operasionele vereistes, kan aan 'n installasie gekoppel word sonder die vooraf skriftelike goedkeuring van die ingenieur nie. Aansoek vir die goedkeuring moet skriftelik gedoen word en moet volledige spesifikasies van die toerusting en 'n bedradingsdiagram insluit. Oorskakelgrendeling, wat dit onmoontlik maak om die voorsieningsreserwe met dié van die Munisipaliteit te ewenaar, is 'n nie-onderhandelbare vereiste.

### **41. Installeringsomsendbriewe**

(1) Die ingenieur kan van tyd tot tyd installeringsomsendbriewe stuur aan al die kontrakteurs en/of raadgewende ingenieurs en/of argitekte rakende die besonderhede oor die vereistes van die Munisipaliteit met betrekking tot sake wat nie spesifiek in die regulasies of in hierdie verordening gedek

is nie, maar wat nodig is vir die veilige en doeltreffende bedryf en bestuur van die voorsiening van elektrisiteit.

- (2) Ondanks die bepalinge van subartikel (1), rus die onus vir die verkryging van die nuutste inligting op die kontrakteurs, konsultante en argitekte.

## HOOFSTUK 3

### VERANTWOORDELIKHEDE VAN VERBRUIKERS

#### **42. Verbruiker moet elektriese installasie oprig en in stand hou**

'n Elektriese installasie wat aan die hoofleidings aangesluit is of aangesluit moet word, en enige toevoegings of veranderings aan 'n elektriese installasie wat van tyd tot tyd gemaak kan word, moet voorsien, opgerig, in stand gehou en in 'n goeie werkende kondisie gehou word deur die verbruiker op die verbruiker se eie koste en in ooreenstemming met hierdie verordening en die regulasies. Die verbruiker moet die Munisipaliteit voorsien van 'n afskrif van die vereiste voldoeningstifikaat vir die betrokke installasie voor die aansluiting en/of verandering bekrag word.

#### **43. Fout in elektriese installasie**

Die ingenieur kan vereis dat die verbruiker die Munisipaliteit vergoed vir uitgawes aangegaan ten opsigte van 'n fout in die elektriese installasie van die verbruiker.

#### **44. Beëindiging van gebruik van toevoer**

Indien 'n verbruiker die gebruik van elektrisiteitstoevoer wil staak, insluitend 'n aanbod ten opsigte van 'n voorafbetaalde reëling, moet die verbruiker die Munisipaliteit ten minste twee volle werksdae skriftelik kennis gee van die beoogde beëindiging, en die verbruiker sal aanspreeklik bly vir alle betalings wat verskuldig is in ooreenstemming met die tarief wat van toepassing is vir die elektrisiteitsvoorsiening totdat die kennisgewingstydperk verstryk het. 'n Aansoek om die staking van 'n toevoer moet slegs aanvaar word van die persoon of van die gemagtigde verteenwoordiger van die persoon met wie die Munisipaliteit 'n ooreenkoms aangaande die toevoer aangegaan het.

#### **45. Verandering van verbruiker**

(1) In die geval van 'n verandering van okkupeerder op enige perseel, moet die verbruiker, insluitend 'n verbruiker wat verbind is met 'n voorafbetaalde reëling, wat vertrek, die Munisipaliteit nie minder as twee volle werksdae skriftelik kennis gee van sy of haar voorneme om die elektrisiteitstoevoer te staak nie, by gebreke waarvan hy of sy

aanspreeklik bly vir die toevoer totdat die toevoer afgesluit is of 'n nuwe ooreenkoms aangegaan is.

- (2) Indien die nuwe okkupeerder of verbruiker op die perseel wil voortgaan om die elektrisiteitstoevoer te gebruik, moet hy of sy aansoek doen in ooreenstemming met die bepalings van artikel (4) van hierdie verordening.
- (3) Waar die perseel toegerus is met 'n voorafbetaalmeter en 'n verandering van die okkupeerder plaasvind, word die nuwe okkupeerder as die verbruiker geag. Indien so 'n verbruiker versuim om aansoek te doen vir 'n elektrisiteitstoevoer in terme van artikel (4) van hierdie verordening, is hy of sy aanspreeklik vir al die heffings en gelde aan die Munisipaliteit verskuldig vir daardie meetpunt, sowel as enige uitstaande heffings en gelde, of dit opgeloop is deur daardie verbruiker of nie, tot tyd en wyl 'n aansoek vir die lewering deur die Munisipaliteit ontvang is.
- (4) Onderhewig aan subartikels (1), (2) en (3), bly die geregistreerde eienaar van 'n eiendom aanspreeklik vir enige elektrisiteit wat verbruik word op die perseel.
- (5) 'n Uitklaringertifikaat in terme van artikel 118 van die Wet op Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000), moet nie uitgereik word nie en 'n aansluiting moet nie bewerkstellig word indien 'n gesertifiseerde afskrif van die voldoeningertifikaat nie deur die nuwe eienaar of okkupeerder, soos die geval mag wees, voorgelê word nie. Indien dit op enige stadium bevind word dat 'n toevoer sonder 'n voldoeningertifikaat gelewer word, is die Munisipaliteit geregtig om die toevoer op enige tyd en sonder enige vooraf kennisgewing aan die eienaar of verbruiker, soos die geval mag wees, te beëindig.

#### **46. Diensapparaat**

- (1) Die verbruiker is aanspreeklik teenoor die Munisipaliteit vir alle kostes voorspruitend uit skade aan of verlies van enige meettoerusting, voorafbetaalmeter, beveiligingstoerusting, diensaansluiting of ander apparate op die perseel, behalwe as die skade of verlies toon dat dit 'n oorsaak is van 'n natuurramp, 'n handeling of versuim van 'n werknemer of agent van die Munisipaliteit, of 'n abnormaliteit in die toevoer van elektrisiteit na die perseel.
- (2) Indien die hoofleidings, meettoerusting of enige diensapparaat, wat die eiendom van die Munisipaliteit is en voorheen gebruik, gedurende 'n tydperk waarin 'n installasie van die hoofleiding afgesluit is sonder die toestemming van die Munisipaliteit, sodanig verwyder of beskadig is dat

heraansluiting gevaarlik sou wees, moet die eienaar of okkupeerder van die perseel, soos die geval mag wees, gedurende daardie tydperk die koste dra van die herstel en/of vervanging van die hoofleiding, toerusting of apparate.

- (3) Waar daar 'n gemeenskaplike meetposisie op die perseel vir meer as een verbruiker is, word die aanspreeklikheid gesamentlik en afsonderlik soos na verwys word in subartikel (1) oorgedra aan die eienaars van die perseel.
- (4) 'n Sertifikaat van die ingenieur wat die bedrag verskuldig weerspieël, word beskou as *prima facie* bewys van die bedrag verskuldig in terme van subartikel (1).

## HOOFSTUK 4

### SPESIFIEKE VOORSIENINGSVOORWAARDES

#### 47. Diensaansluiting

- (1) Die verbruiker moet die koste van die diensaansluiting dra soos bepaal deur die Munisipaliteit.
- (2) Ondanks die feit dat die verbruiker die koste van die diensaansluiting dra, berus die eienaarskap van die diensaansluitings wat gelê of opgerig is deur die Munisipaliteit in die Munisipaliteit, en die Munisipaliteit is verantwoordelik vir die instandhouding van die diensaansluiting, insluitend die meter, tot op die punt van voorsiening. Die verbruiker is nie geregtig op enige vergoeding van die diensowerheid of die Munisipaliteit ten opsigte van diensaansluiting nie.
- (3) Die omvang en aard van die werk wat deur die Munisipaliteit uitgevoer word vir 'n diensaansluiting na die verbruiker se perseel, moet deur die Munisipaliteit bepaal word op die koste van die verbruiker.
- (4) 'n Diensaansluiting moet ondergronds gelê word, ongeag of die hoofleiding ondergronds gelê of bogronds opgerig is, tensy 'n bogrondse diensaansluiting spesifiek vereis word deur die ingenieur.
- (5) Indien die ingenieur dit vereis moet 'n bogrondse diensaansluiting vervang word met 'n ondergrondse kabelaansluiting teen die koste van die verbruiker as –
  - (a) die dak vervang word;
  - (b) die aansluiting opgegradeer word; of
  - (c) die aansluiting verskuif word vir aanbouings of veranderinge aan 'n gebou.
- (6) Die geleier wat vir diensaansluiting gebruik word moet 'n drie- of vierkern staaldraad gepantserde (SWA) PVC kabel met twee 1mm (fynstring) kommunikasiekerne wees, geplaas in die tussenruimte van die kern (nie in die pantsering) in ooreenstemming met SANS 1507. Die kabelgrootte moet bepaal word in ooreenstemming met SANS 10142-1.
- (7) Die geleier wat vir diensaansluiting gebruik word moet 'n deursnee-area van nie minder as 10m<sup>2</sup> hê nie en moet van koper of koperekwivalent wees, en al die geleiers moet dieselfde deursnee-oppervlakte hê, tensy anders skriftelik deur die ingenieur goedgekeur.

- (8) Die Munisipaliteit moet slegs een diensaansluiting per erf voorsien, tensy anders skriftelik deur die ingenieur goedgekeur.
- (9) Enige bedekking op 'n bedradingskanaal wat die toevoerstromkring van die punt van die toevoer na die meettoerusting dra moet gedoen word om die seëls van die Munisipaliteit aan te neem.
- (10) Die diensgeleier of kabel binne in die meterkas moet in 'n opsigtelike posisie eindig, en alle geleiers moet in hul hele lengte sigbaar bly.
- (11) In die geval van diensaansluitings aan verskeie verbruikers op 'n perseel moet die Munisipaliteit 'n grootmaat toevoer en grootmaat meetpunt voorsien op die grens van die perseel of in 'n substasie gebou wat deur die eienaar van die perseel verskaf is, en die eienaar of verbruiker(s), soos die geval mag wees, is verantwoordelik vir die bedryf en instandhouding van die netwerk vanaf daardie punt, en die eienaar of verbruiker(s) word beskou as 'n persoon wat elektrisiteit herverkoop wat deur 'n ondernemer aan hom of haar voorsien is in terme van die Wet op Elektrisiteit, 1987 (Wet 41 van 1987). Die koste van die aansluiting moet gedra word deur die eienaar of verbruiker(s), soos die geval mag wees.
- (12) Die verbruiker moet, indien so vereis, akkommodasie bied vir die Munisipaliteit se ladingsverminderingtoerusting in ooreenstemming met artikel 35 (3) en die akkommodasie in stand hou tot die bevrediging van die ingenieur.

#### **48. Akkommodasie van meter**

- (1)
  - (a) In die geval van huishoudelike verbruikers, moet die Munisipaliteit akkommodasie vir konvensionele meters voorsien en in 'n goedgekeurde posisie installeer, insluitend die meterbord en voldoende geleiers vir meettoerusting, diensapparaat en diensbeveiligingstoestelle, tensy anders besluit is deur die ingenieur. Sodanige akkommodasie en beveiliging moet in stand gehou word deur die Munisipaliteit. Waar bestaande konvensionele meters geïnstalleer is in die akkommodasie voorsien deur die verbruiker, is die verbruiker verantwoordelik vir die instandhouding van die akkommodasie.
  - (b) In die geval van landelike gebiede, moet die Munisipaliteit 'n voorgeskrewe meterkas voorsien vir die rekening van die verbruiker of aansoeker.
  - (c) In die geval van maksimum aanvraag verbruikers, moet die verbruiker die akkommodasie voorsien. Sodanige akkommodasie



en beveiliging moet voorsien, geïnstalleer en in stand gehou word tot die bevrediging van die ingenieur vir die koste van die verbruiker of eienaar, soos die omstandighede dit vereis, en moet, in die geval van konvensionele meters, geleë wees by 'n punt waartoe vrye en onbeperkte toegang beskikbaar is op alle redelike tye vir meterlesings, maar te alle tye vir doeleindes wat verband hou met die bedryf en instandhouding van dienstoerusting.

- (d) In die geval van 11kV verbruikers, moet meterakkommodasie voorsien en geïnstalleer word soos skriftelik ooreengekom tussen die ingenieur en die verbruiker.
  - (e) Voorafbetaalmeters moet geïnstalleer word en in stand gehou word op die verbruiker se koste soos bepaal in die Munisipaliteit se tarief. Toegang op alle redelike tye moet verleen word vir die inspeksie en instandhouding van voorafbetaalmeters.
- (2) Waar submeettoerusting geïnstalleer is, moet akkommodasie afsonderlik van die Munisipaliteit se meettoerusting deur die verbruiker voorsien word vir die toerusting.
- (3) Die verbruiker, of in die geval van 'n algemene meterposisie die eienaar van die perseel, moet voldoende elektriese beligting verskaf en in stand hou in die ruimte en toegangsroete na gebiede wat opsy gesit is vir die akkommodasie vir die meettoerusting en diensapparate. Indien hierdie beligting nie gehandhaaf word nie, moet die Munisipaliteit dit in stand hou vir die koste van die verbruiker of eienaar, soos die geval mag wees.
- (4) Indien, in die opinie van die ingenieur, die meter, diensaansluiting, diensbeveiligingstelsels of hoofdistribusiebord nie meer redelik toeganklik is nie, 'n bron van gevaar is vir lewe of eiendom is, mee gepeuter is of op enige wyse ongeskik, moet die Munisipaliteit die eienaar of verbruiker(s), soos die geval mag wees, in kennis stel van een van die volgende stappe wat geneem moet word:
- (a) Die eienaar of verbruiker(s), soos die geval mag wees, moet die meter, diensaansluiting, diensbeveiligingstelsel of hoofdistribusiebord na 'n nuwe posisie skuif.
  - (b) Die eienaar of verbruiker(s), soos die geval mag wees, moet die meter, diensaansluiting, diensbeveiligingstelsel of hoofdistribusiebord na die oorspronklike toestand herstel.

- (c) In die geval van 'n enkele verbruiker op die perseel, moet 'n toevoer en 'n meetpunt op die grens van die perseel voorsien word deur die Munisipaliteit.
  - (d) In die geval van verskeie verbruikers op die perseel, moet 'n grootmaat toevoer en 'n grootmaat meetpunt op die grens van die perseel voorsien word deur die Munisipaliteit of in 'n substasie gebou wat voorsien word deur die eienaar van die perseel, en die eienaar of verbruikers, soos die geval mag wees, is verantwoordelik vir die bedryf en instandhouding van die netwerk vanaf daardie punt, en die eienaar of verbruikers word geag as die persoon wat die elektrisiteit herverkoop wat aan hom of haar deur 'n ondernemer voorsien word in terme van die Wet op Elektrisiteit, 1987 (Wet 41 van 1987).
- (5) Sou die eienaar of verbruiker(s), soos die geval mag wees, nie voortgaan met die stappe soos beskou word in subartikel (4) (a) of (b) binne 14 (veertien) dae van kennisgewing of die stappe voltooi binne 'n redelike tyd nie, moet die Munisipaliteit die stappe neem soos beskou word in subartikel (4) (c) of (d).
  - (6) Die eienaar of verbruiker(s), of die verbruiker(s) met die eienaar se toestemming, kan die Munisipaliteit versoek om voort te gaan met die stappe soos beskou word in subartikel (4) (c) of (d) indien die eienaar of verbruiker(s), soos die geval mag wees, nie in staat is om die stappe te neem soos beskou word in subartikel (4) (a) of (b) nie.
  - (7) Die koste van die stappe soos beskou word in subartikel (4) moet gedra word deur die eienaar of verbruiker(s), soos die geval mag wees.
  - (8) Die akkommodasie vir die Munisipaliteit se meettoerusting en diensbeveiligingstelsel kan, indien goedgekeur, die verbruiker se hoofskakelaar en hoofdiensbeveiligingstelsel insluit. Geen ander appaarte as dié wat gebruik word in verband met die voorsiening en gebruik van elektrisiteit kan geïnstalleer of gestoor word in die akkommodasie nie, tensy skriftelik goedgekeur deur die ingenieur.

## HOOFSTUK 5

### TOEVOERSTELSELS

#### **49. Gehalte van toevoer**

Wisselstroom toevoer moet gegee word soos voorgeskryf deur die Wet op Elektrisiteit, 1987 (Wet 41 van 1987), en, in die afwesigheid van 'n ooreenkoms oor kwaliteit van toevoer, moet dit gegee word soos uiteengesit in NRS048.

#### **50. Ladingbeperking**

- (1) Waar die geraamde lading, bereken in terme van die veiligheidstandaard, nie 15 kVA oorskry voor diversiteit nie, moet die elektriese installasie ingerig word vir 'n twee-draad asook aard-enkelfasetoevoer, tensy anders goedgekeur deur die ingenieur.
- (2) Waar 'n driefase vier-draad asook aard-toevoer voorsien is, moet die lading nagenoeg gebalanseer word oor die drie fases, maar die maksimum ongebalanseerde lading moet nie 30 persent oorskry nie, tensy anders goedgekeur deur die ingenieur.
- (3) Geen stroomverbruikingstoestel wat onafskeidelik enkelfasig van aard is, met 'n gradering wat 15 kVA oorskry, mag aan die elektriese installasie gekoppel word sonder die vooraf goedkeuring van die ingenieur nie.

#### **51. Inmenging met ander verbruikers**

- (1) Geen verbruiker mag elektriese toerusting gebruik met ladingseienskappe wat, individueel of gesamentlik, aanleiding gee tot spanningsvariasies, bofrekwensiestrome of -spanninge, of ongebalanseerde fase strome buite die standarde soos bepaal deur NRS 048 nie.
- (2) Die waarde bepaling van die steurings van ander verbruikers moet uitgevoer word deur middel van 'n meting wat by die gemeenskaplike koppelpunt gedoen word soos beskryf in NRS 048.

## 52. Toevoer na motore

Die volgende beperkinge word gegee as 'n riglyn van die doeleindes vir die nakoming van artikel 50:

### (1) Beperkte grootte vir LS motore

Die beoordeling van 'n LS-enkelfasige motor moet beperk word tot 'n aansitstroom van hoogstens die kapasiteit van die verbruiker se hooftoevoer. Alle motore wat hierdie perke oorskry, moet bewikkel word vir drie fases teen lae spanning of sodanige hoër spanning as wat vereis mag word.

### (2) Maksimum aansit- en snelstrome van driefasewisselstroommotore

Die toelaatbare aansitstroom van driefase-LS-motore moet verband hou met die kapasiteit van die verbruiker se dienstoevoer, soos volg:

Geïsoleerde dienskabel, grootte in mm <sup>2</sup> , koper-ekwivalent mm <sup>2</sup>	Maksimum toelaatbare aansitstroom A	Voorgestelde maksimum motoraanslag in kW		
		Direk op die lyn (6 x volladingstroom)	Star/Delta (2,5 x volladingstroom)	Ander maniere (1,5 x volladingstroom)
		kW	kW	kW
16	72	6	13,5	23
25	95	7,5	18	30
35	115	9	22	36,5
50	135	10	25	45
70	165	13	31	55
95	200	16	38	67
120	230	18	46	77
150	260	20	52	87

### (3) Verbruikers word teen mediumspanning voorsien

In 'n installasie wat elektrisiteit teen mediumspanning voorsien, moet die aansitstroom van 'n LS motor beperk word tot 1,5 keer die vollaskenstroom van die transformator wat krag aan die motor verskaf.

### **53. Kragfaktor**

- (1) Die kragfaktor moet onder alle ladingsomstandighede nie lei nie, tensy anders ooreengekom met die ingenieur.
- (2) Indien die ingenieur dit vereis, kan die kragfaktor van enige lading nie minder as 0,85 nalopend wees nie.
- (3) Indien dit vir die doeleindes van die nakoming van subartikel (1) nodig is om kragfaktorregstellingstoestelle te installeer, moet die regstellingstoestelle gekoppel word aan die individuele verbruiksterminale, tensy die regstelling van die kragfaktor outomaties beheer word.

### **54. Beskerming**

Elektriese beveiligingstoestelle vir motore moet ontwerp wees om doeltreffend volgehoue oorstroom en enkelfase te voorkom, waar van toepassing, in ooreenstemming met SANS 10142-1.

## HOOFSTUK 6

### METING VAN ELEKTRISITEIT

#### **55. Meterlesing**

- (1) Die Munisipaliteit moet, op die verbruiker se koste in die vorm van 'n direkte heffing of voorgeskrewe fooi, toepaslik berekende meettoerusting verskaf, installeer en in stand hou by die metingspunt vir die meting van verbruikte elektrisiteit. Sodanige meettoerusting bly die eiendom van die Munisipaliteit.
- (2) Die elektrisiteit wat gebruik word deur die verbruiker gedurende 'n meetperiode moet bepaal word deur die lesing van die toepaslike meter of meters wat voorsien en geïnstalleer word deur die Munisipaliteit en gelees word aan die begin en einde van die tydperk, behalwe in die geval van voorafbetaalmeters. Indien 'n meter nie gelees kan word nie of die meettoerusting foutief is, moet die verbruik geskat word.
- (3) Waar die elektrisiteit wat deur 'n verbruiker gebruik word op verskillende tariewe gehef word, moet die verbruik gemeet word vir elke tarief. Voldoende meettoerusting moet geïnstalleer word op aansoek deur en vir die rekening van die verbruiker.
- (4) Die ingenieur behou die reg voor om die toevoer van elektrisiteit aan blokke winkels of woonstelle, skakelhuse en soortgelyke geboue as 'n geheel, of vir individuele eenhede, of vir groepe eenhede, te meet.
- (5) Geen veranderinge of toevoegings of elektriese aansluitings van enige aard mag gemaak word op die toevoerkant van die meter deur die verbruiker nie.

#### **56. Akkuraatheid van meterlesing**

- (1) 'n Meter moet onweerslegbaar geag word dat dit akkuraat registreer indien sy fout, wanneer die meter getoets word op die wyse soos voorgeskryf in subartikel (5), bevind is om binne die perke van vergissing te wees soos in NRS 057 neergelê. Indien daar bevind word dat enige van die seëls stukkend is, word die meter as mee gepeuter geag.
- (2) Die Munisipaliteit het die reg om sy meettoerusting te toets. As dit met die toets of op 'n ander wyse vasgestel word dat die meettoerusting foutief is, moet die Munisipaliteit, in ooreenstemming met die bepalings van subartikel (6) –

- (a) in die geval van 'n konvensionele meter, die rekening wat gelewer is aanpas; of
  - (b) in die geval van 'n voorafbetaalmeter, 'n bedrag verhaal indien die meter te min geregistreer het of 'n gratis bewys uitreik indien die meter oorregistreer het.
- (3) Die verbruiker is daarop geregtig om die meettoerusting, insluitend 'n terugbetalingsmeter, wat volgens die Munisipaliteit se standaard verseël is, te laat toets deur die Munisipaliteit op betaling van die voorgeskrewe fooi aan die Munisipaliteit. As die meettoerusting nie voldoen aan die stelselakkuraatheidsvereistes soos neergelê in NRS 057 nie, moet 'n aanpassing in ooreenkoms met die bepalings van subartikels (2) en (6) gemaak word en die geld moet terugbetaal word.
- (4) In die geval van 'n geskil het die verbruiker die reg om op sy of haar eie koste die betrokke meettoerusting te laat toets deur 'n onafhanklike toetsowerheid geakkrediteer deur die Suid-Afrikaanse Akkrediasie Stelsel, en die uitslag van die toets is finaal en bindend op albei partye, en die koste van die toetse is nie terugbetaalbaar nie.
- (5) Meters moet getoets word op die wyse soos voorgeskryf deur NRS 057.
- (6) Wanneer 'n aanpassing gemaak word aan die elektrisiteitsverbruik soos geregistreer op 'n meter in terme van subartikel (2) of (3), moet die aanpassing óf gegrond wees op die persentasie fout van die meter, soos bepaal deur die toets waarna in subartikel (5) verwys word, óf op 'n berekening deur die ingenieur van verbruiksinligting in sy of haar besit. Waar van toepassing en waar moontlik, moet seisoenale of ander veranderinge wat die verbruik van elektrisiteit kan beïnvloed in ag geneem word.
- (7) Wanneer 'n verandering soos beskou word in subartikel (6) gemaak is, mag die aanpassing nie van toepassing wees op 'n tydperk wat drie jaar voor die datum waarop die meettoerusting as onakkuraat bevind is, oorskry nie.
- (8) Waar die werklike lading van 'n verbruiker verskil van die aanvanklike vereiste lading soos voorsien in artikel 7 (1) tot die mate dat die Munisipaliteit dit nodig ag om sy meettoerusting te verander of te vervang sodat dit by die lading aanpas, moet die koste van die verandering of vervanging en ander kostes wat aangegaan is om die toevoer te herstel, deur die verbruiker gedra word.
- (9) (a) Voor die Munisipaliteit enige opwaartse aanpassing aan 'n rekening in terme van subartikel (6) maak, moet die ingenieur –

- (i) die verbruiker skriftelik in kennis stel van die geldwaarde van die aanpassing wat gemaak moet word sowel as die redes vir die aanpassing;
  - (ii) in die kennisgewing voldoende besonderhede verskaf om die verbruiker in staat te stel om versoë te rig oor die aanpassing; en
  - (iii) in die kennisgewing 'n beroep doen op die verbruiker om die ingenieur te voorsien van skriftelike redes, indien enige, waarom die verbruiker se rekening nie aangepas moet word soos kennis gegee is nie, en hierdie redes moet by die ingenieur ingedien word binne 21 dae of binne 'n langer tydperk wat die ingenieur mag toestaan.
- (b) Die ingenieur moet enige redes oorweeg wat deur die verbruiker verskaf word in terme van subartikel (9) (a) en moet, indien hy oortuig is dat 'n geldige saak betaan, die rekening dienooreenkomstig aanpas.
- (c) Indien die verbruiker versuim om enige versoë te rig gedurende die voorgeskrewe tydperk of indien die ingenieur nie oortuig is dat 'n saak vir die verandering van die rekening bestaan nie, is die Munisipaliteit geregtig om die rekening aan te pas soos kennis gegee is in terme van subartikel (9) (a) (i).
- (10) Wanneer die Munisipaliteit tevrede is dat 'n voorafbetaalmeter opgehou het om korrek te registreer, moet die voorafbetaalmeter onmiddellik vervang word en enige krediete steeds geregistreer ten gunste van die verbruiker op die foutiewe meter moet oorgedra word op die nuwe voorafbetaalmeter.

## **57. Lees van konvensionele meters**

- (1) Die konvensionele meters moet gelees word op vaste siklusse van ongeveer een maand, en die vaste of minimum koste verskuldig in terme van die tarief moet dienooreenkomstig geassesseer word, tensy anders voorgeskryf. Die Munisipaliteit is nie verplig om enige aanpassings aan te bring ten opsigte van kostes nie. Die minimum aantal meterlesings per jaar moet in ooreenstemming wees met NRS 047.
- (2) Indien die konvensionele meter vir enige rede nie gelees kan word nie, mag die Munisipaliteit 'n geraamde rekening lewer. Die energieverbruik moet in 'n daaropvolgende rekening aangepas word volgens die energieverbruik wat werklik gebruik is.



- (3) Wanneer 'n verbruiker 'n eiendom ontruim en 'n finale lesing nie beskikbaar is nie, moet die Munisipaliteit 'n raming van die verbruik maak en die rekening dienooreenkomstig lewer.
- (4) Indien 'n spesiale meterlesing deur die verbruiker verlang word kan die verbruiker die lesing van die Munisipaliteit verkry by betaling van die voorgeskrewe fooi.
- (5) Indien enige berekenings-, lesings- of meterfout ontdek word ten opsigte van enige rekening wat aan 'n verbruiker gelewer is, moet die Munisipaliteit die fout regstel in daaropvolgende rekeninge. Ten opsigte van enige reggestelde rekeninge –
  - (a) moet die regstelling slegs van toepassing wees op rekeninge vir 'n tydperk van drie jaar voor die datum waarop die fout in die rekening ontdek is;
  - (b) moet die bedrag van die gekorrigeerde rekening rentevry wees tot op die datum waarop die regstelling gevind is om nodig te wees; en
  - (c) moet die bedrag van die gekorrigeerde rekening gebaseer word op die werklike tariewe wat van toepassing was gedurende die betrokke tydperk.
- (6) Geen persoon mag die metingsproses beïnvloed of probeer beïnvloed of daarmee inmeng nie.

## **58. Voorafbetaalmeters**

- (1) Geen terugbetaling van die bedrag wat vir die aankoop van elektrisiteitskrediet aangebied is kan gegee word aan die verbruiker by die verkooppunt na die inisiëring van die proses waardeur die voorafbetaalmeterbewys uitgereik word nie.
- (2) Afskrifte van voorheen uitgereikte bewyse vir die oorplasing van krediet na die voorafbetaalmeter mag uitgereik word aan die verbruiker op sy of haar aanvraag.
- (3) Wanneer 'n verbruiker enige perseel ontruim waar 'n voorafbetaalmeter geïnstalleer is, sal geen terugbetaling van die krediet wat oorbly in die meter aan die verbruiker gemaak word nie.
- (4) Die Munisipaliteit is nie aanspreeklik vir die herstel van krediet in 'n voorafbetaalmeter wat verlore geraak het omdat die voorafbetaalmeter en / of identiteitskaart mee gepeuter, verkeerd gebruik of misbruik is nie.

- (5) Waar 'n verbruiker geld skuld aan die Munisipaliteit vir elektrisiteitsverbruik of aan die diensowerheid of Munisipaliteit vir enige ander diens verskaf deur die diensowerheid of Munisipaliteit (insluitend eiendomsbelasting) of vir enige ander gelde wat voorheen teen hom of haar gebring is in verband met enige diens gelewer, kan die Munisipaliteit 'n persentasie van die bedrag wat aangebied word aftrek om die bedrag wat verskuldig is aan die diensowerheid en / of die Munisipaliteit te verminder in terme van die ooreenkoms vir die elektrisiteitsvoorsiening soos beskou word in artikel (4).
- (6) Die Munisipaliteit kan, na goeddenke, verkopers aanstel vir die verkoop van krediet vir voorafbetaalmeters en kan nie die voortgesette bedryf deur enige verkoper waarborg nie.
- (7) Indien 'n verbruiker wat gebruik maak van 'n voorafbetaalmeter versuim om elektrisiteit van die Munisipaliteit te koop vir 'n aaneenlopende tydperk van ses maande, is die Munisipaliteit geregtig om die elektrisiteitstoevoer aan die verbruiker onmiddellik te staak en die aansluiting tot die perseel te verwyder.
- (8) Die eienaar van enige perseel of die verbruiker wat gebruik maak van 'n voorafbetaalmeter op die perseel, mag nie enige strukture oprig of enige plantegroei toelaat op die perseel binne 'n veilige afstand van die Munisipaliteit se toerusting nie, hierdie afstand word van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit bepaal.

## **59. Berekening van geskatte rekening**

- (1) Die Munisipaliteit moet 'n meter wat gevind is wat opgehou het om korrek te registreer, so gou as moontlik herstel of vervang.
- (2) Waar 'n meter herstel of vervang is in ooreenstemming met subartikel (1), moet die Munisipaliteit die hoeveelheid elektrisiteit wat deur die verbruiker betaal moet word skat, tensy dit bewys kan word tot die bevrediging van die ingenieur dat 'n mindere of groter hoeveelheid elektrisiteit verbruik is. Die Munisipaliteit se skatting moet vir 'n tydperk van die datum van die laaste meterlesing voor die meter se herstel of vervanging wees en moet gebasseer wees op die volgende:
  - (a) die gemiddelde maandelikse verbruik van elektrisiteit op die perseel deur die meter verskaf gedurende die drie maande voor die laaste registrasie;
  - (b) die verbruik van elektrisiteit op die perseel vir die ooreenstemmende maande van die vorige jaar; of

(c) die gemiddelde maandelikse verbruik op die perseel verskaf deur die meter oor 'n tydperk van drie agtereenvolgende maande na die herstel of vervanging van die meter.

## HOOFSTUK 7

### ELEKTRIESE KONTRAKTEURS

#### **60. Vereistes bykomend tot die vereistes van die regulasies**

- (1) Waar 'n aansoek vir 'n nuwe of verhoogde elektrisiteitstoevoer aan die Munisipaliteit gemaak is, kan die ingenieur volgens sy of haar diskresie kennisgewing aanvaar van die voltooiing van enige deel van die elektrisiteit installasie, waarvan die kringontwerp toelaat dat die elektriese installasie verdeel sal word in goed gedefinieerde afsonderlike gedeeltes. Enige deel van die elektriese installasie kan, volgens die diskresie van die ingenieur, geïnspekteer, getoets en aan die hooftoevoer gekoppel word asof daardie deel van die elektriese installasie volledig is, onderhewig aan die voorlegging van die eienaar, verbruiker of aansoeker, soos die geval mag wees, van 'n voldoeningcertifikaat vir daardie deel van die installasie.
- (2) Die inspeksie en toetsing soos na verwys word in subartikel (1) kan na die diskresie van die Munisipaliteit uitgevoer word en moet nie op enige manier die elektriese kontrakteur of geakkrediteerde persoon of die gebruiker of okkupeerder onthef van sy of haar aanspreeklikheid vir enige gebrek in die installasie nie. Die inspeksie en toetsing moet geensins gedoen word, selfs waar die elektriese installasie aangesluit is by die hoofskakelaar, om op enige manier aan te dui of te waarborg dat die elektriese installasie doeltreffend uitgevoer is met die geskikste benodighede vir die doel, of dat die elektriese installasie in ooreenstemming is met hierdie verordening of die veiligheidstandaard, en die diensowerheid en die Munisipaliteit is nie aanspreeklik vir enige gebrek of fout van die elektriese installasie nie.
- (3) Nóg die diensowerheid of die Munisipaliteit is verantwoordelik vir –
  - (a) die werk wat gedoen is deur die elektriese kontrakteur of geakkrediteerde persoon op 'n verbruiker se perseel; en
  - (b) enige verlies of skade wat veroorsaak word deur 'n brand of deur 'n ongeluk voortspruitend uit die toestand van die bedrading of 'n daad van die elektriese kontrakteur of geakkrediteerde persoon op die perseel.

## HOOFSTUK 8

### REGSASPEKTE

#### **61. Domicilium**

Die straat-, gebou- of woonsteladres van die leweringspunt word geag die *domicilium citandi et executandi* van die verbruiker vir die doel van die dien van enige dokumente in ooreenstemming met artikel (115) van die Wet op Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000).

#### **62. Boetes**

- (1) Enige persoon wat enige van die bepalings van hierdie verordening oortree is skuldig aan 'n misdryf, en indien skuldig bevind word deur 'n geregshof, kan gevonnissen word met 'n boete van hoogstens 'n bedrag soos uiteengesit in die bylae van heffings en gelde.
- (2) Enige persoon wat enige van die bepalings van hierdie verordening oortree is aanspreeklik vir die vergoeding van die diensowerheid of die Munisipaliteit, soos die geval mag wees, vir die verlies of skade gelyk of opgedoen deur die diensowerheid of die Munisipaliteit as gevolg van die oortreding.

#### **63. Toepaslikheid**

Hierdie verordening is van toepassing op die voorsiening van elektrisiteit deur die Munisipaliteit in die voorsieningsarea van die Munisipaliteit soos omskryf en gelisensieer deur die NER, ongeag of die lokus van verbruik binne die geregtelike grense van die Munisipaliteit val.

Verordening 08/05/03